



Kontak-kring

Kleingroepriglyne

DAAR & DAN

kontak met God se Storie

Christus maak ons (voortdurend) nuut.

Romeine 12: 1-8

2. Kontak met God

Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om God se teenwoordigheid te simboliseer. Plaas dit in die middel van die groep.

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Laat iemand Psalm 124 hardop lees. Watter troos is daar vir jou in hierdie psalm?

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings van die afgelope week. Dank God daarvoor.

3. Kontak met die Woord

Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan Romeine 12: 1-8 en gesels oor die volgende.

Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

1. Kontak met mekaar

Aankoms, verwelkoming en verversings.

Ysbreker

Watter verandering wat jy moes deurmaak het die grootste impak op jou gehad?

HIER & NOU

kontak met myself & Godstories

Wat dink julle beteken "gee julleself as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is"? Wat vra dit van ons?

Wat is die verskil tussen konformeer en transformeer? Hoe is die verskil van toepassing op Romeine 12: 1-8?

Vir Christene in die tyd waarin ons leef – wat beteken Paulus se uitdaging in vers 2?

Wat dink julle is Paulus se bedoeling met die beeld van een liggaam met baie lede (Vers 4-5)?

Watter gawe, talent, vaardigheid het God vir jou gegee? Op watter manier gebruik jy (as getransformeerde mens) dit in diens van God? Indien jy dit nie gebruik nie, hoekom nie?

VERDER & VOOR

kontak met mekaar & ander

Hoe help die waarskuwing in vers 3 ons met die uitleef van ons geloof elke dag?

Vir die Begeleier

Maak 'n paar fotostate van die teksgedeelte en neem dit saam. Dis altyd insiggewend om verskillende vertalings van die teks te lees.

Pitkos: Moenie eksklusief raak nie. Nuwe groeplede bring nuwe energie en help die groep om te groei.

Bedien Mekaar

kontak deur gebed

Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf. Sluit af met gesamentlike gebed. Dra die gebedsversoeke aan God op. Dank God dat Hy ons so liefhet dat Hy wil aanhou om ons te transformeer. Vra dat Hy jou sal help om jou gawes te ontdek en uit te leef.